

Dinsdag 17 September

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26, 27

Ons afhanklikheid van die Heilige Gees

Gister het ons mooi gekyk na ons roemryke hoop in Jesus Christus, en gebed sluit ook ten nouste hierby aan. Soos ons dit bely in Sondag 45 van die Kategismus, is gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid wat God van ons eis. Sonder gebed het ons nie 'n verhouding met God nie en sonder gebed het ons ook geen hoop op die toekoms nie. Maar wat gebeur as ons nie meer kan bid nie, of as ons nie weet wat om te bid nie, wat maak ons dan?

Ons kan net aan die Drie-enige God vashou en op Hom vertrou, Hy is alles! En ons is niks. Genadiglik is ons van die Heilige Gees afhanklik en die wonderlike troos wat ons het, is dat die Heilige Gees ons ook in ons swakhede bystaan, soos Paulus dit mooi vir ons verduidelik. Ons lees dat die Heilige Gees vir ons pleit met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie, wat beteken dit vandag vir ons?

Dit beteken die Heilige Gees bid vir ons deur ons harte. Al kry ons dalk swaar en al weet ons nie wat om te bid nie, dan weet ons die Heilige Gees pleit volgens die wil van God vir ons. Meer nog: die Here weet wat die bedoeling van die Gees is, is dit nie wonderlik nie? Die Heilige Gees vertaal ons versugtinge sodat God weet wat ons bedoel as ons bid! So, in gebed is ons absoluut van die Heilige Gees afhanklik! Sonder Hom is gebed nie moontlik nie!

Hoe lyk jou gebede voor die Here? Hoe gereeld bid jy? Is jy ook in jou gebede totaal en al van die Here afhanklik? Dit is 'n kosbare voorreg en die grootse en vernaamste deel van ons dankbaarheid om te bid, moenie dat gebed by jou ontbreek nie.

Sing Skrifberyming 20-1:1-7

Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) (Tsumeb)